# VOORBEELDTAAK 5

## GRAAD 12

# AFRIKAANS HUISTAAL

## TAAK 5 (BEGRIP, OPSOMMING & TAAL)

# MEMORANDUM

**PUNTE: 35 (70 ÷ 2)**
**TYD: 2 UUR**

**Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

### Nasien van die leesbegrip

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE
- SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word die punte verdeel: 1 punt vir
- WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
- As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat **'**n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde ignoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

**VRAAG 1**

1.1 Die Facebook-gebruiker skep/vertel haar/sy eie dramatiese lewensverhaal soos wat dit dikwels in die tydskrif Huisgenoot verskyn OF skryf ook oor huislike en persoonlike sake, dinge uit die huis uit wat eintlik privaatsake moet wees. (2)

1.2 Sosiale netwerke verwys na rekenaarnetwerke waar mense oor privaat- en ander geleenthede aan die hele wêreld kan skryf, ’n sosiale gespreksforum. (2)

1.3 Twit” beteken “domkop of idioot/bobbejaan”; die sin vra dus of jy eintlik ’n domkop is as jy “twiet”. (2)

1.4 Sy weet nie wanneer hulle dan hulle werk doen nie, want hulle sê hulle het nie tyd om hul werk af te handel nie, nie tyd vir mekaar nie, maar hulle het tyd om aan “onbekende” mense op Facebook te skryf. (2)

1.5 Heel waarskynlik simpatie/aandag. (1)

1.6 Big Bother, realiteitstelevisie, het alles gewys van mense wat op een plek saamwoon en niks is uitgelaat nie, maar op Facebook kan jy nog meer onbenullighede en alledaagse twak vir ander mense wys en vertel, m.a.w. nie eers Big Bother was so oppervlakkig nie. (2)

1.7 Facebookvriende is nie vriende in die werklike sin van die woord nie; hulle is kammavriende. (1)

1.8 Mense gebruik soms Facebook om werklik hulp te soek, maar die “vriende” ink dan die persoon is snaaks en steur hul nie regtig aan mense se dreigemente - wat dalk ernstig kan wees nie (2)

1.9 ’n Mens moenie so baie tyd aan Facebook spandeer nie, want dit lei nie noodwendig tot ernstige vriendskappe nie OF Mense vertel te veel onbelangrike dinge op Facebook en dan het hulle nie tyd om hul werk toe doen nie. (1)

1.10 Daar vind veranderings in die brein plaas en mense kan verslaaf raak daaraan. (2)

1.11 Sy sal nog eers kyk wat die voor- en nadele van Facebook is voordat sy finaal sal besluit of die goed of sleg is. (1)

1.12 As Ashton Kutcher haar, iemand wat sy bewonder, haar Facebook-vriend word. (1)

1.13 C/ sarkasties (1)

1.14 Brasilië en Indië (2)

1.15 Hoe hoër die getal gebruikers in die bevolking, hoe kleiner is die moontlikheid om te groei. (2)

1.16 Sy dink dit is miinder. Volgens haar het baie mense meer as een profiel. (2)

1.17 presies / eksak weet (1)

1.18 Dit maak Facebook stadig. (1)

1.19 Min mense het selfone / internettoegang. (In dié trant) (2)

**[30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming:**

**Punte word soos volg toegeken:**
- 7 punte vir 7 wenke (een punt per wenk)
- 3 punte vir taal
- Puntetotaal: 10
- Slegs samehangende sinne verdien punte

**Verspreiding van punte vir taal:**
- 1–3 wenke korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 wenke korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 wenke korrek: ken 3 punte toe

**LET WEL:**

**FORMAAT:**
- 'n Opsomming in die verkeerde formaat word ook geassesseer.

- **TEL VAN WOORDE:**
    - Nasieners moet die hoeveelheid woorde wat gebruik is, tel.
    - Geen punte word afgetrek as die kandidate nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal
      woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
    - Indien ’n kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word ’n oorskryding van 5 woorde
      toegelaat en die res van die opsomming word geïgnoreer.
    - Kort opsommings wat die vereiste getal wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**Memorandum**

**Kennis en vaardighede van ‘’n subredakteur**

1. Hy moet goed ingelig wees met ‘n goeie algemene kennis.
2. Hy moet ‘n goeie idee van **wetsaspekte** hê.
3. Hy moet die kwaliteite van ‘n goeie **leier** hê.
4. Sy moet weet hoe die **nuus- en produksieprosesse** by hul publikasie werk
5. Sy moet weet watter **rol die media in die samelewing** speel.
6. Sy moet op die hoogte van **etiese vereistes** wees.
7. Sy moet die **tegniese vaardighede** van ‘n **taalkenner** hê.

**(68 woorde)**

## AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

**Memorandum vir hierdie afdeling:**

- Spelling:
    - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
    - In volsin-antwoorde word die verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
    - Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½-punte toegeken word.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

**VRAAG 3: KOERANTBERIG**

3.1 konnotief (1)

3.2 samestellende afleiding: twee stamme (begin+skryf) en morfeme (-er). (2)

3.3 bv. Brand jy wat blonde hare het, van nuuskierigheid om meer van 'n beginnerskrywer se geheime te wete te kom? (Enige korrekte byvoeglike bysin. Maak seker dat daar 'n hoofwerkwoord is. Enige bysin wat met 'n koppelwerkwoord aangebied word, sal nie aanvaar word nie.) (1)

3.4 Kweek met die betekenis van soort gras, bv. Die Kaapse kweek neem nou die grasperk oor. (1)

3.5 verveeld (1)

3.6 Skaar as s.nw - Die skaar van die ploeg het afgebreek./Skaar van mense./ Skaar as orden, rangskik, skaar by groep mense . (1)

3.7 monnike (1)

3.8 dring aan op (1)

3.9 Salinger het gesê hy glo in ongewone dinge soos homeopatie. (1)

3.10 Word nóg 'n gerespekteerde pasifis en vol aanvaarding vir ander nóg 'n vegetariër (1)

3.11 Staan vrede voor (1)

3.12 biografie (1)

3.13 tabak - enige sinvolle sin (1)

3.14 skelmfoto's (1)

3.15.1 lydend (1)

3.15.2 Indien hulle jou skryfwerk met 'n belangrike prys bekroon, moet jy beslis tog nie vir die plegtigheid opdaag nie. (1)

3.16 hermiet (1)

3.17

3.17.1 Die lang arm van die gereg verwys na die polisiemag (1)

3.17.2 Sy wou nie meer trou nie (1)

**[20]**

**VRAAG 4: ADVERTENSIE**

4.1 Swart skoene = Die formele/ sake/ werk/ skoollewe
Sandale = informele/ vakansielewe (een punt elk) (2)

4.2 Ja, Die skriftipe en lettergrootte verskil van die res van die advertensie en hef dus hierdie woorde uit./ Dit beklemtoon hoe belangrik dit is om weg te breek/ Dit beklemtoon die erns van die oproep wat op die leser gemaak word om die ATKV-oorde te besoek. (2)

4.3 Alliterasie (1)

4.4. mees perfekte (1)

4.5 Mense besoek die ATKV-oorde om te herstel OF ATKV-oorde laat mense herstel. (1)

4.6 Is dit die perfekte plek vir jou en jou gesin? (1)

4.7
4.7.1 aanbod (1)
4.7.2 aanbiedinkie<u>s</u> (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**TOTAAL VIR VRAESTEL: [70]**